

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 23

> *En toe Dawid bang voor Saul wegvlug, terwyl Saul en sy manskappe al vir Dawid en sy manne begin omsingel om hulle te vang … (vers 26b)*

’n Mens kry in hierdie hoofstuk ’n goeie idee van hoe dit met

Dawid as vlugteling gegaan het. Hy moes die hele tyd op sy hoede wees. Verraaiers was oral gretig om hom uit te verkoop, en hy kon nie lank op een plek bly nie. Saul was meedoënloos. So hittete het hy hom in die Maonwoestyn vasgetrek, maar ’n Filistynse aanval elders in die land het Dawid se bas gered.
In só ’n tyd kan ’n mens maklik moedeloos word, soos Elia later toe hy moedeloos onder ’n besembos gaan sit het en gewens het hy was dood (1 Kon 19:3-4). Maar die Here los nie sy kinders nie. Hy stuur vir Jonatan om Dawid te gaan bemoedig (vers 16). En Hy gebruik die inval van die Filistyne om Dawid van ’n gewisse dood te red (vers 27-28).
Dalk wil die Here jou gebruik om iemand te bemoedig?
En as jy angstig is oor jou omstandighede, tel jou kop op. Jy is nie vergete nie. Vlug in jou nood na Hom, soos Dawid (vgl Ps 17:6-9). God sal jou nie los nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026